# G1 - God is Goed

**Doel van les:**

- In hierdie week se les praat ons oor die goedheid van God en hoe ons dankbaar moet wees.

**Ysbreker:**

- **Kunswerke:** Gee vir elke kind 'n blaai, backing board en kryt. Hulle moet nou die blaai op die backing board sit en dan dit op hulle kop sit. Nou moet hulle die volgende teken:
  1. Teken jouself
  2. Teken iemand wat jy gereeld sien en vir wie jy baie lief is
  3. Teken bo in die lug die son
  4. Teken wolke
  5. Teken gras waarop julle staan
  6. Teken 'n kruis
  7. Teken 'n Bybel

Laat die kinders nou die blaaie afhaal en na hulle kunswerke kyk en dit vir mekaar wys. Hou vas aan daardie kunswerk, want ons gaan weer later daarna kyk.

Vandag gaan ons na die goedheid van God kyk. Ons gaan ook kyk of ons as mens in goedheid kan vergelyk.

**Illustrasie:**

Sit drie bordjies neer op tafel met drie verskillende sjokolades op. Kry drie vrywilligers.

- Eerste een kom en sny eerste sjokolade oop. Dit is 'n soliede stuk sjokolade. Sê: Hierdie stuk sjokolade is solied. As mens na hom kyk, dan kan jy dink aan God en Sy goedheid. Hy is regdeur goed, nes hierdie stuk sjokolade.
- Tweede vrywilliger kom en sny volgende stuk sjokolade oop. Dit is 'n stuk sjokolade wat sjokolade aan die buitekant is, maar neute aan die binnekant. Sê: Die sjokolade aan die buitekant met neute aan die binnekant, is baie soos ons. Ons het biejtie "chocolately goodness" op ons, maar ons is nie nastenby suiwer goed nie.
- Kry derde vrywilliger om laaste stuk sjokolade oop te sny. Dis nie solied sjokolade nie, maar hol aan die binnekant. Sê: Dan het mens ook in die lewe mense wat goed lyk aan die binnekant, maar hulle is leeg binne waar dit werklik saak maak.

Vrae in groep:

1. Wat het jy vandag geleer van God se goedheid?
2. Hoe kan jy deel met ander wat jy vandag geleer het?

Kry terugvoering.

Soms wanneer dinge moeilik gaan, is dit vir ons baie moeilik om die mooi dinge in die lewe raak te sien en te sien hoe God in ons lewens werk. Ons dink dat Hy nie vir ons lief is nie en dat Hy nie raaksien wat gebeur nie en ons nie help nie. Maar ons elkeen kon iets teken op die blaaie en dit wys dat God waarlik na ons kyk en vir ons sorg, al voel dit soms nie so nie.

God is goed en liefdevol. As gevolg van al die goedheid van God, behoort ons hom elke dag te loof en prys. Sonder God sal daar niks goeds in die wêreld wees nie. Neem 'n tydjie elke dag om rondom jou te kyk en God te eer vir al die goed wat jy sien. Hoe meer jy dit doen, hoe meer sal jy sien hoe God ons elke dag sëen en voorsien.

Sluit af in groepe met gebed.